JOHANNES 6:1-15 NGK MIEDERPARK 10/5/09

TEMA: KOM DOEN 'n WONDERWERK IN MY LEWE! Ds Okkie Cilliers

Die wonderwerk met die 5 brode en 2 vissies is oorbekend en die skare wat Hom met geweld koning wou maak toe hulle 2 en 2 bymekaar begin sit en wonder of Hy nie die Messias is nie, is iets waarmee ons van kindsbeen af groot word. Kom ons kyk nog 'n keer na dit wat hier gebeur maar dié keer vanuit 'n ander hoek om die waarheid daarvan weer vars en nuut te beleef: hoe het elkeen van die *verskillende rollespelers* wat hier genoem word, die ding beleef.

1. Die skare

Dis duidelik dat hier 'n groot groep mense bymekaar kom wat net een saak voor oë het: hulle wil Jesus sien wonderwerke doen (vers 2). Dat hulle geamuseer is deur die goed wat Hy gedoen het, is duidelik. Hy was vir hulle soort van 'n towenaar. Ek kan my indink hoe hulle mekaar gaan opklop het en aangemoedig het om Hom te gaan opsoek: "Kom ons gaan kyk watter siekte maak Hy vandag gesond - dis iets om te sien! Ek hoor dat Hy die anderdag vir Lasarus lewend gemaak het nadat hy 2 dae lank reeds begrawe was... hierdie man is goed!"

Die soort van ding het nie veel in vandag se tyd verander nie en om te sien dat mense so 'n tipe ritueel oor Jesus het, is nie vreemd nie: "Kom ons gaan soek Hom op en kyk wat Hy vir ons kan doen." Natuurlik is baie mense dan teleurgesteld in hierdie Jesus want Jesus wil nie hierdie geamuseerde towenaarspeletjie waar mense vermaak word, saam speel nie. Min mense spreek hulle teleurstelling dan openlik uit dat Jesus nie aan hulle behoeftes voldoen nie het nie. Nou bly hulle maar eerder weg waar die skares bymekaar kom. Ander gaan voort daarmee op so 'n week vir week basis - hulle kom saam met die skare bymekaar sodat hulle "kos vir die siel kan kry vir die week." Jesus word so 'n soort van turbo-aanjaer wat van *sy kant alles moet doen* om iemand staande te hou en die een wat die dinge hoor moet met so min krag as moontlik *van sy kant af* deur die week probeer kom. Sondag gebeur alles weer van voor af - van innerlike dryfkrag, lewensverandering en lewensvreugde kom daar nie veel van nie. Dis 'n baie gevaarlike ding om te doen, **veral as jy nie honger is nie nie** want dan kan jy kies wat jy wil eet en Jesus word die kelner wat jou moet bedien. Hoe verlammend dit vir die kerk is, is nie moeilik om te raai nie.

- As die dominee nie "lekker" preek nie (wat is dit?) of dinge sê wat een nie wil hoor nie, is hy teleurgestel en krities want hy "wou dit anders gehad het." Vir 'n ander een het die dominee weer "net reg" gepreek en sy behoeftes is bevredig en alles is wonderlik! So asof die Gees lynreg teenoor mekaar met een Woord kan werk om mense "lekker" te laat voel!

- Op ‘n tyd toe ek baie kreupel en seer was, het 'n prediker my in die teenwoordigheid van baie mense gegryp en vir my bene gebid dat die genesing tog moes kom. Onder gebed terwyl almal staan en kyk skuif hy ongemerk my bene en voor almal se oë word my een been "langer" en jubelend gee hy aan God die eer dat ek nou gesond gaan word... Ek was oorbluf oor sy gemaklike leuens maar ook oor die skare se reaksie wat "bemoedig" is deur die "Here se krag." Die prediker en die skare is gek na die sensasie!!

- Mense praat baie oor geloof, maar ek wonder hoekom? Dalk moet die Here hulle gesond maak en dan gesond hou; sorg dat hulle altyd 'n inkomste het (hoe meer hoe beter!); sorg dat daar genoeg sekuriteit is... en as dit nie gebeur nie "glo hulle te min" of bid hulle "verkeerd" of is hulle sommer net teleurgestel... Mense speel met dit wat hulle geloof noem.

Mense is nie honger nie en dan soek hulle iets by die Here om te eet.

Ek wonder wat het deur die seuntjie se kop gegaan toe hy in die skare by Jesus was? Dis heerlik om hieroor te spekuleer want ons weet nie wat het hy alleen daar gemaak nie. Ek vermoed dat hy nie veel oor die dinge gedink het nie (waarskynlik later wel!) maar die feit is dat Jesus sy brode en vissies gebruik het omdat hy op die regte tyd op die regte plek was met die dinge wat Jesus nodig gehad het. Dit laat my wonder hoeveel mense in die kerk van vandag sit met visse en brode; mense wat wel honger is maar nie mooi weet waarvoor nie omdat die kerk self nie weet wat om met die visse en die brood te maak nie. Ja, die kerk is net so skuldig soos die skares daarbuite - ons is so gewoond dat daar niks gebeur nie dat daar nie meer plek vir wonders en krag is nie en as 5000 opdaag wat kos soek, is ons verward. Miskien moet ons maar eerlik wees en erken dat Jesus by baie kerke nie meer inpas nie en dat skares teleurgestel is in Hom en sy kerk.

By die skare is nie veel diepte nie. By dié geleentheid is hulle in ekstase oor wat gebeur het, maar by die volgende een was hulle teleurgestel want toe het Jesus niks gedoen nie. Toe verander hulle sentiment en opinie en hulle skree "kruisig Hom" (Joh 19). Hulle het Hom help vermoor.

2. Filippus

Vers 5 kom daarop neer dat Jesus vir hom sê dat *hy* vir die mense kos moet gee. Want Jesus toets hom (vers 6).

- Jesus vra aan hom "hoe ver vertrou jy My?"

Filippus antwoord: "Is jy mal?" (vers 7). Sy geloof word gedryf deur sy logika: hier is heeltemal te veel mense met te min geld en te min kos. So iets is eenvoudig nie moontlik nie.

Filippus se soort het nie uitgesterf nie- Jesus sê dat *ons* die mense moet gaan kos gee en ons antwoord dat ons eerder by die normale wil bly en kerk toe sal gaan. **Kom ons doen niks nie!** Want geloof het vir ons 'n saak van logika geword. Voorbeelde is baie: ons kinders moet katkiseeer en as hulle sekere dinge *weet* dan mag hulle lidmate word (maar of hulle iets in die Here se kerk beteken, is 'n ope vraag); ons het wonderlike rituele in die kerk wat mense goed laat voel (en dis ook reg so!); ons beplan dinge tot in die fynste detail ... maar moenie van my vra om 5000 mense kos te gaan gee nie. Die redes wat hiervoor voorgehou word is baie: te moeg, te

gesond, te ryk, te arm, te kwaad, te vrolik, te lui, te besig, te siek, te oud, te jonk… "Ek weet dat dit in elk geval nie sal/kan werk nie…" *So asof God net kan doen wat ons sou besluit wat kan en wat kan nie!*

Ons kan ons wonderlike rituele met baie ander dinge in die kerk hê, maar as die elemente van **verhouding en aanbidding** ontbreek, raak geloof vervelig en voorspelbaar want *niks kan dan gebeur nie.* Die skare sien niks nie, hulle is honger en kry niks om te eet nie en selfs die wat kos gebring het, kan nie gebruik word nie want *mnr en mev Filippus Lidmaat* het nooit geleer om boontoe te kyk, God te dank en brood en vissies te breek nie. Dis vir hulle belangriker om brood en vis te bestudeer en te weet wat alles daarmee gedoen kan word; om op die regte manier op te kyk na bowe en te dank; om die regte soort mandjies aan te hou vir wanneer dit dalk eendag nodig sou wees…

Jesus se opdrag is om die 5000 hongeriges en oproeriges te gaan kos gee!

- "Is jy mal?"

(Die skares in SA is so honger dat hulle die rug draai op mense wat geloof met logika hanteer. Hulle gaan soek plekke waar hulle in 'n verhouding en aanbidding met God staan. Mag die gemeente in Miederpark se oë betyds hiervoor oopgaan!)

Met **verhouding** word bedoel *'n kontak waar daar van oog tot oog gekyk kan word.* Want so 'n oogkontak met God verander alles – jou logika is weg, daar is niks wat jy vir Hom kan wegsteek nie en 'n krag kom los wat 5000 mense met gemak kan kos gee. Jy kan probeer om in 'n verhouding met Jesus te staan sonder oogkontak/'n ontmoeting, maar dit sal nie werk nie want niks gaan verander nie. Ja, 'n verhouding *op wonders gebou* loop dood want dit soek "ego-trips" wat mense goed moet laat voel. 'n Verhouding *op logika gebou* loop ook dood want logika is slim en God kan nie inpas by slimmighede nie.

'n Verhouding wat op aanbidding gebou is, word 'n dryfkrag.

Want geloof het te doen met die lewende God! ***Dis tyd dat ek na my asem snak oor God, want kyk net wat kan Hy doen!*** Natuurlik is hier ook logika en wonders by betrokke want geloof is tog immers 'n *keuse* wat gemaak word vir Jesus as Verlosser. Maar dis veel meer as dit – dis ook aanbidding in verwondering. Ons sien iets hiervan by Andreas.

3. <u>Andreas</u>

Hy tree heeltemal anders op. Dis asof sy optrede vir Jesus wil sê "Jy wil 5000 mense kos gee; hier is 'n seuntjie met 5 brode en 2 vissies (vers 9). Laat ons nou sien wat Jy kan doen."

- *"Ek weet wat Hy gaan doen, want ek ken Hom!"*

Andreas glo - nie omdat hy dinge voor die tyd gaan uitwerk het of omdat hy iets uit die transaksie kon kry nie. Op grond van sy vorige ervaringe met Jesus het hy geweet/geglo dat niks vir die Man onmoontlik is nie: Hy staan op die punt om weer iets ongelooflik te doen!

En toe eet hulle - die bietjie brood en vissies is so genoegsaam dat niemand teleurgesteld kon wees nie, soveel so dat daar 12 mandjies oorskiet na die tyd opgestel is. Ek wonder wat het Andreas na die tyd vir die ander gesê het? Dalk iets soos: "Ek het mos geweet Hy kan…!"

4. Jesus

Hy is die hele tyd absoluut in beheer! Die 5000 het Hom nie onkant betrap nie, die bietjie brood en vis het Hom nie laat wonder wat volgende moet gebeur nie en die skare wat Hom wou dwing om een of ander soort koning te wees het Hom nie oor dinge laat nadink nie. Inteendeel; Hy stap doodluiters van hulle weg en gaan op sy eie voort (vers 15). Hy laat Hom nie voorskryf nie en kom nie van koers nie. In totale beheer bid Hy, breek die brood, deel dit uit en gee sy bevele… en dinge gebeur *want Hy is absoluut in beheer*. Onthou ook dat hierdie net voor Jesus se laaste Paasfees is waar die aaklige goed rondom sy kruisiging en dood net voor die deur lê. As daar weer sprake van brood wees wat gebreek moet word, sal dit sy liggaam wees. Hy het dit alles geweet en tog voort gegaan en daaruit sou net so baie seën en oorvloed kom.

5. Ek en jy

Die vraag is nie net wat Filippus en Andreas gedoen het en hoe die skare opgetree het nie. Ook nie wie die seuntjie was, wat hy alleen daar gemaak het en hoekom hy die vissies en die brood by hom gehad het nie. Veel eerder is dit wat hanteer moet word **wie is die God met wie ons te doen het en wat wil Hy doen?** Hy laat die moontlike en die onmoontlike gebeur - dis sy "werk." Want Jesus se liggaam is toe later soos 'n stuk brood gebreek en die grootste onmoontlikheid het toe 'n werklikheid geword: *ons wat nie deel van God was nie het toe "volk van God" geword* (1 Pet 2:9). Daarom kan ons nie neutraal staan teenoor Jesus wat biddend brood breek nie.

Want dis hier waar die *verhouding en aanbidding begin*. Jy sal dit nie verstaan voordat jy nie op daardie punt gekom het waar jy in heerlike verwondering weet dat jou liggaam gebreek moet word weens jou sonde maar dit nie sal gebeur nie want Jesus s'n is in jou plek gebreek. Elkeen wat dit glo en hierdie Jesus deel gemaak van sy lewe, is onverklaarbaar maar wonderlik deel van God en sal nooit weer alleen gelos word nie. Sonder hierdie verhouding is dit dooie godsdiens wat op eie terme maklik bestuur kan word - as jy lus is vir 'n ding kan jy dit kroon tot koning in jou lewe. As dit jou nie geval nie kan jy jou neus daarvoor optrek en dit laat kruisig. Buite hierdie verhouding kan jy logies daaroor praat, dit bewonder, betreur, kritiseer en geamuseerd kyk watter truuk Jesus en en mense volgende vorendag mee gaan kom. Jy kan dit vat of jy kan dit los.

- Dis geloof sonder aanbidding.

Wat is die "aanbidding binne 'n verhouding" waarvan gepraat word? Baie dinge kan daaroor gesê word. Die volgende word hier beklemtoon:

1. Dit begin met verwondering: HY KAN!

Ek kan dit nie verklaar nie, maar ek weet dat Hy nie op 'n belofte van Hom terug gaan nie - dat Hy regtig alles weet, sien, hoor en kan! Hoe Hy dit regkry, weet ek nie. Daarby verwonder ek myself dat ek en my eie situasie vir Hom so uniek is dat niks vir Hom onbelangrik is nie. Ja, selfs as ek tussen die skare met my 5 toebroodjies en 2 stukkies sardientjies is, is ek nie net die nommer saam met die volgende een nie - Hy sien my raak en roep my nader met my toebroodjies en al. Soos Andreas wil ek dan sê: ”Ek ken Hom en ek weet Hy kan. Kom ons kyk wat Hy nou gaan doen!"

- Hoe ver vertrou jy Jesus vandag? Is jy so honger vir sy brood dat jy na jou asem kan snak en uitroep: "Here, ek het nou lank genoeg gesien wat die Satan kan doen en ek is moeg vir my probeerslae om genoeg brood en vis bymekaar te maak. Gee vir my brood - *ek weet U kan!*

Maar dan moet jy eerlik hiermee wees en Hom toelaat om die brood in jou lewe te begin breek en ophou om self rond se skarrel. Dan sal jy 'n rus en vrede beleef wat bo al die verstand uitgaan. Al skarrel 5000 mense en 5000 dinge rondom jou rond, sal die Here jou aanraak. Miskien nie op die manier en tyd wat jy dit wil hê nie, maar brood en vis sal jy kry. **Hy kan, Hy wil en Hy sal!**

- Halleluja! Prys die Here daarvoor!

2. Dit maak 'n uitnodiging: KOM DOEN 'n WONDERWERK VIR MY!

Prakties gesê is dit nou die tyd om na jou asem te snak in die teenwoordigheid van die Here, biddend na bo te kyk en te vra dat die brood nou meer in die lewe moet word: "Here, ek los U nie voordat U dit nie *vir my* kom doen het nie." Maar dit vra 'n prys:

Waar moet jy vandag jou brood en vissies bring? Wat vra die Here vandag vir jou om prys te gee sodat Hy soveel kos vir jou kan gee dat daar mandjies vol van kan oorbly? As jy logies hierna gaan kyk gaan jy sterf van die honger en niks gaan daardie honger stil nie, nie eens baie dae se salaris nie (vers 7). Ja, geloof sê dat die Here jou met 'n wonderwerk honger moet maak, al maak dit nie sin nie. Twee voorbeelde: Mense se *huwelike* werk nie uit nie en dan leef hulle jaar in en jaar uit met krummels - gryp die Here se oorvloed en snak na jou asem soos wat Hy jou wil aanraak en verander (nie jou maat nie!) en tel na die tyd mandjiesvol oorvloed op! Mense hou nie van *ander mense* nie en vroom kan niks hulle opinie verander nie - vra die Here vir 'n wonderwerk om jou oë oop te maak sodat jy die Filippuse, Andrease en jong seuns met hul vissies kan raaksien... Jesus wil hulle gebruik, en jy wil hulle afskryf.

Ons is te bang dat die Here hierdie wonderwerke kan doen, want ons het te gewoond geraak aan die maniere waarop ons geleer het om brood en vis bymekaar te maak. Ons *werk* onsself eerder morsdood voordat ons die Here met 'n wonderwerk in ons finansiële lewe vertrou. Ons *sukkel* eerder jare voort met 'n geploeter waar ons probeer om tog net iewers sondige gewoontes te breek en dalk 'n oorwinningslewe kan leef - ons dink dis normaal dat 'n heilige lewe nie vir ons beskore is nie en dat dinge nie kan verander nie… Bog! Dis tyd vir 'n wonderwerk. Laat Hy vir jou brood en vis breek en moet dit nie weer by jou laat verbygaan nie. Gryp dit, want **Hy kan, Hy wil en Hy sal.**

Die vraag is nie of Jesus jou honger kan omkeer in 'n wondrwerk nie, maar of jy Hom daarmee vertrou? Hoe honger is jy hiervoor?

Geloof is om na jou asem te snak en aan te meld by Hom wat dinge laat gebeur *want Hy is absoluut in beheer*: al voel die 5000 dinge om jou buite beheer: "Here, hier is ek. Te spyte van al die gesukkel met myself, die logika en kleingeloof van my eie pogintjies wat ek tog so graag wil laat uitwerk; die slim maniere waarmee ek U buite my brood en vissies hou… Hier is ek, gebruik my!. Doen soveel dinge in my lewe dat daar nog mandjies vol oorvloed oorbly, sodat ek ook genoeg kan hê om om ander ook verwonder te laat staan en hulle na hul asem kan laat snak.

Hy is op die punt om weer iets ongeloofliks te doen.

Amen.